

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 SAMEVATTING

Die navorsingsvraag wat hierdie ondersoek onderlê het was of skoolgaande meisies wat voortydig swanger raak verwerping beleef, hetsy vóór die swangerskap of as gevolg van die swangerskap. Daarbenewens was dit ook van belang om die ondersoek te doen met inagneming van die Afrika-kultuurkonteks se ingesteldheid teenoor seksuele gedrag van jeugdiges.

5.1.1 Aanleiding tot die studie

Onlangse persgegewens met betrekking tot die toenemende verskynsel van tienerswangerskappe oorsee asook in Suid-Afrika, het die navorser aangespoor om beter vertrouwd te raak met die verskynsel en veral aandag te gee aan die moontlike voorkoms van verwerpingsbeleding by die ongehude swanger tienermeisie. Omdat die navorser daagliks met inheemse Sotho-sprekende leerders werk, is by uitstek aandag gegee aan die swart swanger skoolgaande meisie.

Van meet af aan is gevra of verwerpingsbeleding by die swanger tienermeisie aanwesig sou wees en indien wel, wanneer hierdie beleding na vore getree het - alreeds vóór die swangerskap of tydens die swangerskap? Omdat die Afrika-kultuur so sterk mensgesentreerd en kommunaal van aard is, is dit te wagte dat die enkeling, veral in krisistye, midde-in die kollektiewe bestaan veilig en geborge behoort te voel.

5.1.2 Die metode van ondersoek

Hierdie ondersoek is gerig deur die volgende doelstellings:

- Die operatiewe doelstelling van die ondersoek was om te bepaal of daar belevinge van verwerping onder 'n groep swanger swart hoërskoolleerders is en indien wel, of die verwerpingsbeleving aanwesig was vóór die swangerskap en of dit verband hou met die swangerskapegebeure.

Die sekondêre doelwitte van die ondersoek was:

- Om te bepaal hoe tienerswangerskappe asook verwerping en verwerpingsbeleving in die Afrika-kultuurkonteks beskou word en in die literatuur gekonseptualiseer word.
- Om te bepaal watter redes deur die portuurgroep van mede-leerders aangevoer word waarom tienermeisies swanger word terwyl hulle op skool is.
- Om vas te stel wat die portuurgroep van mede-leerders se gesindheid en gedrag teenoor swanger meisies is.
- Om te bepaal of 'n groep swanger leerders verwerping ervaar.

Die kwantitatiewe- asook die kwalitatiewe navorsing is voorafgegaan deur 'n literatuurstudie wat ondermeer handel oor die Afrika-kultuurkonteks met besondere verwysing na die Afrika-beskouing oor die seksualiteit en seksuele gedrag by die tiener met besondere verwysing na die oorsake van voortydige swangerskap; verwerping en verwerpingsbeleving met besondere verwysing na die emosionele beleving van die swanger skoolgaande tienermeisie.

Verder is literatuur bestudeer ten opsigte van die aard van kwantitatiewe- asook kwalitatiewe navorsing, veral wat betref die benadering tot kwalitatiewe navorsing vanuit 'n fenomenologiese perspektief.

In die lig daarvan dat die ondersoek beide kwantitatief en kwalitatief sou verloop, is drie vraelyste by onderskeidelik graad 11-leerders aan sewe skole in die Vrystaatprovinsie en

Gauteng (Hoofstuk 3), asook 'n vraelys aan 28 swanger meisies afkomstig uit die sewe genoemde skole (Hoofstuk 3), versprei. Die vraelyste is daarop gerig om vas te stel wat volgens die portuurgroep die redes vir tienerswangerskap is; die houding van 'n groep graad 11-leerders te toets ten opsigte van hulle denke, gevoel en optrede jeens ongehude swangerskap op skool; en om vas te stel of 'n groep swanger tienermeisies verwerping vóór hulle swangerskap belewe het en of daar tekens daarvan is noudat hulle swanger geword het.

5.2 GEVOLGTREKKINGS

5.2.1 Gevolgtrekkings uit die literatuurstudie met betrekking tot tienerswangerskappe en verwerpingsbelewing

Die literatuurstudie oor die lewens- en mensbeskouing vanuit die Afrika-kultuurkonteks (Hoofstuk 2.1) bring veral die volgende aspekte na vore wat met die betrokke navorsing oor tienerswangerskap verband hou, naamlik die hoë agting vir die lewe, veral menslike lewe (derhalwe geboortes en voortsetting van lewe); die agting vir die kollektiewe of kommunale bestaanswyse; respek vir die stam- en uitgebreide familieband; respek vir die bestaanswyse van die individu in die kollektiewe bestaanstruktuur; en die verhewe agting vir die voorvadergeeste. Wat betref aspekte rakende die seksuele en seksuele gedrag in die Afrika-kultuurkonteks, wys die literatuur enersyds op die hoë agting wat in die verlede bestaan het ten aansien van die seksuele en in die besonder vir die behoud van maagdelikheid tot en met die huweliksluiting; andersyds, word gewys op die verwerping van waardes en die neiging by die jong Afrikaan om voorhuweliks seksueel aktief te wees.

[Die gevolgtrekking wat hieruit af te lei is, is dat sou 'n skoolgaande meisie swanger raak, sy grootliks kan reken op die nodige begrip, verdraagsaamheid en ondersteuning binne die kollektiewe bestaanstruktuur, aangesien die lewe belangrik is, geboortes verwelkom word, en die stam op dié wyse uitgebrei word.]

5.2.2 Gevolgtrekkings uit die kwantitatiewe studie ten opsigte van tienerswangerskappe en verwerpingsbelewing

In die literatuurstudie oor verwerping en verwerpingsbelewing met besondere verwysing na die Afrika-kultuurkonteks (Hoofstuk 2.3), is ondermeer verwys na die sterk sosiale band wat in hegte kommunale gemeenskappe gevind word en soos wat dit in Afrika aangetref word. Dié verskynsel skep uiteraard die verwagting dat 'n meer begripvolle en verdraagsame houding jeens tienerswangerskap aangetref sou word; dat die band met die individu ten alle koste gehandhaaf sou bly; dat die gemeenskap in tye van krisis 'n veilige ruimte vir die persoon in nood sou bied; dat daar hoegenaamd geen sprake van verwerping sou wees nie.

Vraelys 2 (Hoofstuk 4) asook die response tydens die onderhoudvoering in fokusgroepverband (Hoofstuk 4) wys die teendeel uit, naamlik dat die meisies hierdie koestering en begrip van die portuurgroep, onderwysers en dele van die gemeenskap moes ontbeer; dat 'n afsydige, in sommige gevalle selfs vyandige houding, ervaar is.

Die opinies van die 341 graad 11-leerders wat deel uitmaak van die kwantitatiewe studie, dui daarop dat die portuurgroep (Hoofstuk 4) se denke oor tienerswangerskap in die algemeen asook die swanger tienermeisie, negatief gereflekteer word. Wat betref die portuurgroep se gevoel teenoor die swanger tienermeisie is 'n matige, tog terughoudende begrip teenwoordig. Die optrede teenoor die swanger meisie word eerder deur terughoudendheid en afsydigheid gekenmerk as deur radikale afsnyding en verwerping (Hoofstuk 4). Hieruit is af te lei dat ofskoon die inklusiewe kommunale leefwyse van die Afrikaan hoog aangeslaan word, die afgetrokke en afsydige houding wat kenmerkend is van die meer enkelinggerigte Westerse leefwêreld begin sigbaar word. Ons moet in gedagte hou dat hierdie leerders daaglik tussendeur twee kultuurwêreldes pendel, naamlik dié van 'n inheemse stamverband wat op Afrika-waardes ingestel is en dié van 'n Westerse kultuuroopset. Die moontlik eroderende Westerse invloed op kommunale waardes kan spekulatief afgelei word uit die huidige bevindinge.

5.2.3 Gevolgtrekkings uit die kwalitatiewe studie ten opsigte van tiener-swangerskappe en verwerpingsbeleving

Terwyl die response van die 28 swanger meisies op Vraelys 3, items 1-30 (Hoofstuk 4) gunstig is en daar nie juis aanduidings van verwerping vóór of tydens die swangerskap voorkom nie, wys die uitslag van die onderhoude met twaalf swanger meisies in fokusgroepverband op 'n heel ander beleving, naamlik dié van afsydigheid en verwerping tydens die swangerskap deur die portuurgroep, onderwysers en dele van die gemeenskap.

Wat wel standhoudend bly, is dat die meisies nie noemenswaardige verwerping vóór die swangerskap beleef het nie; nie tuis nie en ook nie deur die portuurgroep, onderwysers of die gemeenskap nie. Die gevolgtrekking is dat nòg ongunstige omstandighede tuis, nòg gevoelens van verwerping en eensaamheid vóór die swangerskap meegewerk het om die meisies seksueel aan te wakker om moontlik op dié manier aandag te kry.

Ofskoon die ouers/voogde aanvanklik afgetrokke en afsydig teenoor die swanger meisies opgetree het, het die meeste van die ouers mettertyd die swangerskap aanvaar en steun begin verleen. Dié gesindheidsverandering kan moontlik as volg verklaar word: skuldgevoelens by die ouers, veral as in aanmerking geneem word dat die ouers nie juis by hul kinders betrokke is wat betref die deurgee van voorligting aangaande die seksuele nie; en dat kulturele waardes nog binne gesinsverband sterk na vore tree.

Die redes vir die voortydige swangerskap wat deur die meisies tydens die onderhoude gegee is, moet deeglik verreken word (Hoofstuk 4, 2.2.4), naamlik onkunde ten opsigte van seksuele verkeer; die miskenning van die waarde van voorbehoedmiddels; dat 'n baba die stam- en familieband verseker en voortsit; en dat 'n baba 'n gawe van God is. Wat wel implisiet in die onderhoude na vore gekom het, is dat subtiele druk deur die seksmaats op die meisies uitgeoefen is. Wat hier van belang is, is dat die eerste twee redes meer "Westers" blyk te wees, terwyl die drie laasgenoemde oorweegredes nader aan 'n Afro-kulturele beskouing ten opsigte van die seksuele lê. Hieruit is af te lei dat die

meisies tussen twee kultuurwêrelde leef waarin daar respek vir die inheemse is, terwyl die ander kultuur (Westerse) bepaalde invloed laat geld.

Vraelys 3, items 31-35 (Hoofstuk 4), asook die inligting wat verkry is uit die onderhoude (Hoofstuk 4, 1.3), wys daarop dat die meisies (met enkele uitsonderings) hulle berus by die swangerskapegebeure; dat die meeste positief oor hulself dink en voel; dat hulle kans sien om met hulle skoolloopbaan voort te gaan; en dat die meeste kans sien vir die toekoms.

Dié betekenisvolle inligting wys daarop dat verwerpingsbelewing nie in alle gevalle toekomsbelemmering tot gevolg het nie. Waar 'n begripvolle steunstelsel tuis wel bestaan, is dit moontlik om midde-in 'n krisis (soos 'n voortydige swangerskap) positief oor die toekoms te dink en dienooreenkomstig te handel. Uiteraard is dit so dat meer geleenthede vir ongehude moeders geskep word, veral wat die moontlikheid om studies voort te sit. Die verstelling van die tradisionele tuisbly-ingesteldheid gee heelwaarskynlik meer hoop vir die toekoms aan die swanger meisies.

5.3 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

Om die gevolgtrekkings in konteks te verstaan, is dit nodig dat enkele aspekte rakende die Afrika-kultuur aard weereens vlugtig aangeraak word:

Die Afrika-kultuur word veral gekenmerk deur 'n uitsonderlike mensgerigheid, die strewe na harmonie - nie net tussen mens en mens nie, maar ook wat betref die mens in verhouding tot die natuur - en kollektiewe hegtheid en verbondenheid. Dit is juis binne hierdie hegte gemeenskapskonteks van stam, en die uitgebreide familie- en gemeenskapstruktuur, dat die individu vreugde, vrede, veiligheid en onvoorwaardelike aanvaarding belewe. Om buite hierdie verbondenheid te bestaan, is haas ondenkbaar. Vanweë die individu se diepgewortelde verbondenheid aan die kommunale bestaanswyse, is die blote gedagte aan verwerping uit en deur die gemeenskap

angswekkend. Dit beteken egter nie dat verwerping nie plaasvind nie. As die etiese gedragreëls oortree word om watter rede ookal, bestaan die moontlikheid dat die individu uitgeskuif kan word, maar met die vooruitsig van herstel nadat die gedragsoortreding wat die disharmonie tot stand gebring het, uit die weg geruim is.

Teen die agtergrond hiervan word ons juis by die omvang van die ondersoek wat as probleemstelling in Hoofstuk 1 van die ondersoek gestel is, gebring naamlik of die swanger skoolgaande tienermeisie hoegenaamd verwerping belewe, hetsy as verworpenes vóór die swangerskap, of as verworpenes te wyte aan die swangerskap self.

Die gevolgtrekking waartoe die ondersoek kom is dat die ongehude swanger tienermeisie *desondanks die kultuuraard waaraan sy verbonde is*, wel nadat sy swanger word verwerping te wagte kan wees: dit kom voor in die denke van haar portuurgroep en in die portuurgroep se versigtig-afsydige houding, in die houding en optrede van onderwysers en in sekere dele van die gemeenskap, ondermeer by die gesondheidsklinieke waar die meisies vir hulp en steun aanklop. Die ouers se aanvanklike afgetrokkenheid word egter redelik gunstig omgeswaai tot aanvaarding en uiteindelijke steun.

Die afleiding wat gemaak word, is dat 'n kulturele waardeverskuiwing by die inheemse Afrikaan besig is om plaas te vind. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die inheemse Afrika-mens tussen twee kultuurwêreldes leef: Afrika georiënteerd en Westers georiënteerd. Eersgenoemde is inklusief, kommunaal en aanvaardend, met 'n besondere respek vir ou tradisies, inheemse waardes, norme en gebruike; laasgenoemde daarenteen is meer eksklusief, enkelinggerig, terughoudend en afwysend.

Uiteraard moet nou gevra word of die ondersoek in die aanvanklike doel geslaag het, en meer bepaald of die aard en aanpak van die ondersoek die ondersoeker by die verwagte uitkomstes en gevolgtrekkings uitgebring het. Die ondersoek weerlê die aanvanklike aanname van die ondersoeker, naamlik dat die swanger skoolgaande meisie, gesien vanuit die kultuurbodem waaruit sy kom, geen verwerping sou ervaar nie. Vanuit dié perspektief het die ondersoek wel geslaag, maar wat die aard van die ondersoek betref,

sou 'n algehele fenomenologies-gerigte kwalitatiewe ondersoek moontlik meer geslaagd verloop het. In die lig hiervan word enkele leemtes uitgewys, waaronder:

- dat meer swanger meisies by die fokusgroepgesprekke betrek kon gewees het, asook dat die sessies oor die volle duur van die swangerskapperiodes kon verloop het;
- dat groepsgesprekke in fokusgroepverband met 'n groep onderwysers gehou moes gewees het rondom die tienerswangerskapverskynsel op skool;
- dat 'n groep ouers/voogde tydens 'n fokusgroepgesprek die kans kon gehad het om vanuit die Afrika-perspektief oor die voortydige swangerskap van hul meisies te kon gepraat het; en
- dat 'n groep senior leerders saam met 'n groep volwassenes (onderwysers, ouers, gemeenskapsleiers) byeen gebring kon gewees het om te praat oor die skynbare verwerende invloed wat verwestering op die tradisionele kultuurwaardes en gebruike uitoefen. Uiteraard bly die vraag of kultuurverwering in werklikheid aan die gebeur is en indien wel, of dit altyd negatiewe gevolge inhou.

5.4 AANBEVELINGS

Tydens die ondersoek het verskeie vrae by die ondersoeker opgekom, byvoorbeeld die belewing van en betekenisgewing aan die swangerskap deur die ongehude pa; die aard en beskikbaarheid van menslike hulpbronne in die vorm van ondermeer beradende steunstelsels; selfkonsep en identiteit by die ongehude swanger tienermeisie; die wyse waarop die swanger meisie die swangerskapebeure hanteer, veral wat betref die hantering van spanning en onsekerheid.

In die lig hiervan word die volgende navorsingstemas aan die hand gedoen:

Die adolescent se belewing en betekenisgewing ten opsigte van ongehude vaderskap met besondere verwysing na die jong pa se houding en verantwoordelikheid.

‘n Onderzoek na die beskikbaarheid, aard en optrede van steungewingstrukture tydens die swangerskap van die ongehuide, skoolgaande tienermeisie met besondere verwysing na die rol van die Opvoedkundige Sielkundige as berader en koördineerder van dienslewering met betrekking tot verskeie fasette.

Selfkonsep en identiteit by die voortydige swanger tienermeisie.

Steungewing aan die swanger tienermeisie vanuit Adler se sosiaal-gerigte terapeutiese benadering.

Steungewing aan die swanger tienermeisie met besondere verwysing na die weerlegging van irrasionele denke vanuit Ellis se beradingsmodel.

‘n Onderzoek na verwerpingsbeleving by die inheemse Afrikaan na aanleiding van krisissituasies tydens adolessensie.

Tienerswangerskap en die rol van die gesondheidsorgwerker met besondere verwysing na verhoudingstigtingdinamika.

Tienerswangerskap en daarna. ‘n Longitudinale ondersoek na die ma-kindverhouding met besondere verwysing na die verwerking van gevoelens van verwerping.

5.5 TEN SLOTTE

Die ryke verskeidenheid van die voortgesette navorsingstemas wat met die pas-afgelope studie verband hou, benadruk onteenseglik hoe relevant die onderhawige studie is. Uiteraard sal die eiendomlike kultuurkonteks waarbinne die aanbevole navorsing gedoen word, deurlopend in gedagte gehou moet word.